# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 6 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 27 FEBUARIE 2026



FEB: **28** PRES. STEYN

MRT: **6** FHP SPORTDAG

**13** WESGROWLIGA: GOUDVELD (W)

## Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# Februarie

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16<br>Radikale redenaars: Inskrywings sluit | 17 | 18<br>Swem: Interhoë<br>JF-Periode<br>JFFJ-aand 18:00 | 19<br>Swem: Interhoër | 20<br>SKAAK Grey-toernooi<br>ATKV Redenaars: Inskrywings sluit<br>Swem: GALA/GEES | 21<br>Wiskunde: Nautilus<br>ATLETIEK: MOTHEO/XARIEP | 22 |
| 23<br>Beroepedag<br>Graadbyeenkoms | 24 | 25<br>JF-Periode<br>JFFJ-aand 18:00 | 26<br>JF's GOT TALENT | 27<br>Father's embrace | 28<br>Pres. Steyn SPORTDAG | 1 |

# March

| MA. | DI. | WO. | DO. | VRY. | SAT | SON. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2<br>TOETSWEEK | 3<br>TOETSWEEK | 4<br>TOETSWEEK | 5<br>TOETSWEEK | 6<br>TOETSWEEK<br>ATLETIEK: VRYSTAAT<br>FHP SPORTDAG<br>Radikale Redenaars: VIDEO<br>Wêreldbiddag: Vroue<br>Rugby: Pa & seunaand | 7<br>Trompoppies: Kompetisie 1<br>Wêreldbiddag: Mans | 8 |
| 9<br>TOETSWEEK | 10<br>TOETSWEEK | 11<br>TOETSWEEK | 12<br>TOETSWEEK<br>Wiskunde: Olimpiade | 13<br>TOETSWEEK<br>OPEDAG<br>WESGROWLIGA: GOUDVELD (W)<br>ATLETIEK: ASA<br>Radikale Redenaars: Oppitong | 14<br>Voortrekkers: GJL verkiesing<br>HOKKIE: Oos-Londen | 15 |
| 16<br>TOETSWEEK | 17<br>TOETSWEEK | 18<br>TOETSWEEK<br>HOKKIE: AJV | 19 | 20<br>WESGROWLIGA: WITTEBERG | 21<br>Trompoppies: Kompetisie 2<br>Menseregtedag | 22 |

LOJALITEIT

**Lojaliteit bou ook selfrespek, want jy weet jy het reg opgetree, selfs wanneer dit jou iets gekos het.**

Vandag is die vraag: Wat sê jou keuses oor jou lojaliteit?
In Lukas 16:10 lees ons:
"Wie betroubaar is in die kleinste saak, is ook betoubaar in groot sake."

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

En so het ons gekom aan die einde van Februarie en nou lê Maart vir ons en wag. Ek sal u nie kwalik neem as u ook so 'n bietjie moeg voel nie... moeg om die kinders douvoordag by die skool te hê vir ekstra klasse en toetse, moeg rondgery agter al u kinders se buitemuurse aktiwiteite aan, moeg vir die kinders se vol program en die druk wat daarmee gepaardgaan, ensovoorts ensovoorts.

Wat ek eerder vir u wil vra, is u lekker moeg? Met die klem op lekker! U sien, in die woordjie "lekker" lê daar soveel waarheid in opgesluit. "Lekker" simboliseer vir my iets wat die moeite werd was ten spyte van opofferings, dit wys na 'n gesindheid van nog een ekstra myl stap as dit van my gevra sou word. "Lekker" sinspeel op 'n diepe dankbaarheid teen die Here vir gawes, talente, geleenthede, tweede kanse en om voluit te leef. Daarom wil ek weer die wens uitspreek dat as u uself kon vereenselwig met die eerste paragraaf, dit hopelik sal wees met die klem op "lekker" moeg.

Baie geluk aan elke leerder wat JF met soveel trots die afgelope paar weke verteenwoordig het. Dankie dat jul met oorgawe deelgeneem het, dat jul nederig in jul oorwinnings was en daar 'n waardigheid teenwoordig was wanneer ons dalk aan die kortste end getrek het. Wedstryde word nie net op die velde en bane gewen nie ...

Tussen al die akademie en buitemuurse aktiwiteite was daar ook meer as een geleentheid wat ons darem kans gekry het om sommer net te leef ook. Hier dink ek aan die gradedag, Valentynsbal, "JF's got talent" en geesvang by die interhoër gala. Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat hard agter die skerms gewerk het om hierdie geleenthede aan ons JFérs te bied.

Die volgende paar naweke begin die Wintersportsoorte in alle erns, met veral die klem op ons inters teen Goudveld en Witteberg as deel van die Wesgrow Sentrale Sportreeks, asook Fichardtpark en Pres. Steyn se sportdae. Witteberg se inter is tuis, en daarom 'n hartlike uitnodiging om as JF-gemeenskap saam te staan en hierdie geleenthede in groot getalle by te woon.

Die leerders ontvang die toetsrooster en -reëlings in hierdie weekbrief. Gaan dit asseblief deeglik saam met u kind deur. Baie sterkte aan elke leerder. Werk hard en leer hard omdat alle punte wat nou verdien word, deel uitmaak van die skoolgebaseerde assesseringpunte aan die einde van die jaar.

Laastens is dit 'n groot behoefte van my kant af om u as ouers te bedank vir voortgesette ondersteuning, posititiewe insette, harde werk met fondsinsamelings en betaling van die skoolfonds. Ons sal dit hier by JF nooit as vanselfsprekend aanvaar nie.

Tot ons dan weer gesels ...

***'n Laaste gedagte waarmee ek afsluit:***




**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

# Toets-reeks - Mrt'26

| DATUM | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| 9 Maart | Teg | NW Materie | RTT | **Besigh (1½ uur)** | Afr |
| 10 Maart | Afr V1 | SW Geo | **Besigh (1½ uur)** | Eng | RTT |
| 11 Maart | Wisk opdragtoets | Afr V1 | Toerisme | Rek | IGO |
| 12 Maart | Eng | NW Lewe | **Fis Wet (2 uur)**<br>Kuns | Drama<br>VBS | IT V2<br>**VBS (1½ uur)** |
| 13 Maart | SW Geo | Wisk Opdragtoets | Afr | Afr | **LWet (1½uur)** |
| 16 Maart | **GEWONE SKOOLDAG MET LANG PERIODES** | | | | |
| 17 Maart | NW Materie | Eng | **Lwet prak (voor skool)**<br>VBS | **Wisk (2uur)**<br>Wisk G | Geo<br>Drama |
| 18 Maart | NW Lewe | Wiskunde | Drama<br>Geo | **LWet prak (voor skool)**<br>IGO | Eng FAL |
| 19 Maart | EBW | Tegnologie | Wiskunde<br>Wisk G | RTT | **FWet (2uur)**<br>**Toerisme (1½uur)** |
| 20 Maart | SW Gesk | Afr V2 | Rek<br>Geskiedenis<br>Musiek | Toerisme | **Ekonomie (1½uur)**<br>**Kuns (1½ uur)** |
| 23 Maart | Wiskunde | SW Gesk | Eng | **Fis Wet (2uur)**<br>Kuns | **Wiskunde (2uur)**<br>**Wisk G (1½uur)** |
| 24 Maart | Afr V2 | EBW | IGO | VBSprakties<br>Musiek | Drama |
| 25 Maart | Eng V2 | Eng V2 | Lwet | Geo | **Besigheid (1½uur)**<br>IT V1 |
| 26 Maart | NW opdrag | NW opdrag | IGO PAT | LWet | **Rek (1½uur)** |
| 27 Maart | | | | | LO |

*Leer hard en pluk die vrugte!*

# MA`S WAT OMGEE



HERE, EK EER EN PRYS U NAAM, WANT U IS MY GOD. U DOEN WONDERLIKE DINGE! U HET DIT LANKAL BEPLAN, EN NOU HET U DIT UITGEVOER.

Jes. 25:1

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING


LOO

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# ‘N TERUGFLITS OP BEROEPEDAG EN DIE MOONTLIKHEDE VAN DIE TOEKOMS.

Met Beroepedag wat die afgelope week plaasgevind het, is beroepskeuses en toekomsbeplanning waarskynlik ‘n onderwerp wat in baie huishoudings bespreek word. Die oorgang van hoërskool na verdere studies of die wêreld van werk is een van die belangrikste fases in ‘n jongmens se lewe. Tydens hierdie stadium word leerders toenemend gekonfronteer met die vraag: “Watter beroep wil ek volg?” Hierdie vraag gaan gepaard met baie moontlikhede, opwinding, onsekerhede en soms vrees. Hierdie besluit is baie belangrik en beïnvloed persoonlike vervulling, lewenskwaliteit en die bydrae wat ‘n individu tot die samelewing kan lewer. Die goeie nuus is dat daar vandag meer beroepsmoontlikhede is as ooit van tevore. Of jy nou lief is vir mense, diere, tegnologie, sport, kuns of besigheid — daar is ‘n plek vir jou in die wêreld van werk.

Daar is tradisionele beroepe soos dokters, onderwysers, ingenieurs en prokureurs. Maar daar is ook meer modern beroepe wat tien jaar gelede skaars bestaan het. Dink byvoorbeeld aan beroepe in tegnologie soos sagteware-ontwikkelaars. Daar is beroepsgeleenthede in gesondheidsorg (fisioterapeute, verpleegkundiges, sielkundiges), kreatiewe velde (drama, kuns, grafiese ontwerpers, fotograwe), besighede (entrepeneurs en bemarkers), finansiële velde (ekonome en rekenmeesters) en ambagte (elekrisiëns, loodgieters, motorwerktuigkundiges). Daar is selfs beroepsgeleenthede in sport. Elke beroep speel ‘n belangrike rol in die samelewing. Sonder verskillende beroepe kan ‘n land nie funksioneer nie. Om ‘n ingeligte beroepskeuse te maak, is die volgende kennis en stappe van groot belang:





## Selfkennis:

- ‘n Deeglike begrip van jou belangstellings, waardes, persoonlikheid en vermoëns is noodsaaklik. ‘n Beroep wat ooreenstem met jou natuurlike aanleg en passie, verhoog die waarkynlikheid van langtermyn tevredenheid.

## Beroepsvoorligting en aanlegtoetse:

- ·Professionele leiding deur opvoedkundige sielkundiges kan waardevolle insigte bied in geskikte loopbaanrigtings.

## Navorsing en inligtingversameling:

- ·Verkry betroubare inligting oor studierigtings, kwalifikasies, werksomstandighede en groeigeleenthede. Gesels met mense wat reeds in die veld werk. Vind uit hoe ‘n tipiese dag in daardie beroep lyk.

## Doen navorsings oor tersiëre instansies:

- ·Doen navorsing oor verskillende instansies en watter studierigtings hulle aanbied. Vind uit oor hulle toelatingsvereistes.

## Akademiese beplanning:

- ·Skoolvakke en akademiese prestasie kan jou rigting gee. Let op na die vakke waarvan jy hou en waarin jy presteer. Skoolvakke kan ook ‘n bepalende rol speel in toegang tot sekere studierigtings. Leerders moet vroegtydig seker maak dat hulle vakkeuses in lyn met hulle moontlike toelatingsvereistes is.

## Praktiese blootstelling:

- ·Vakansiewerk, vrywilligerswerk of skaduwerk bied realistiese blootstelling aan ‘n spesifieke beroep en help om ‘n ingeligte besluit te neem.

***Die wêreld is vol moontlikhede! Neem jou tyd om loopbaankeuses te maak. Vind uit wie jy is en waarvan jy hou, doen navorsing oor verskillende loopbane, vra raad en glo dat daar ‘n plek is waar jy kan groei en funksioneer. Jou beroep is nie slegs ‘n manier om ‘n inkomste te genereer nie, maar ook ‘n manier om jou talente te gebruik om ‘n verskil in die wêreld te maak.***

# Beroepedag




Baie geluk aan Jenna van der Westhuizen (Gr.12) en Armand Boshoff (Gr.9) met die beroepedagtrekking



DANKBAARHEID

# Waardes

## Dankbaarheidsterapie

Filippense 4: 6-7 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en julle gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Wanneer jy soggens wakker word, lê vir ‘n oomblik net stil en luister na die voëltjies se vrolike gekwetter. Groet die dag in die vaste wete dat God in oorvloed vir jou sorg, net soos wat Hy vir die voëltjies sorg.

Word bewus van die klein wonderwerkies wat gedurende die dag oor jou pad kom. Te midde van die harwar van jou lewe, sien die besondere rooi van die roos raak, ruik die reën, ontdek die natuur se geheime!

Waardeer die goeie in en om jou.

*Jy is nou presies waar jy veronderstel is om te wees.*

1 Tessalonisense 5: 16-18

Dankbaar

# KLASBIBLIOTEEK: HOU JY VAN LEES?

Kom kies in klaskamer 19 uit 800 boeke (Afrikaans sowel as Engels).

Jy mag die leesboek gratis leen, tref net 'n reëling met juffrou Wilken.

Is daar boeke wat jy wil skenk?
Bring dit gerus as dit gepas is vir tieners en in 'n goeie toestand is.

**Tye: Aan die begin van pouses/ direk na skool.**

**Dinsdae ná skool tot 16:00.**

**Plek: Klaskamer 19, langs die boekestoor.**

# Finansies:

## Kwytskeldings 2026:

Volledig voltooide kwytskeldingsvorms moet asseblief voor/op 27 Februarie 2026 ingehandig word by Hannelie Maritz. Die skool ontvang tans groot hoeveelhede kwytskeldingsvorms terug en verwerk dit so spoedig moontlik. Die uitslag van volledig voltooide aansoeke, ontvang teen die sperdatum, sal nie later as 30 April 2026 op u rekening verskyn nie.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae by skoolfonds@jf.co.za.

## Skoolfonds 2026:

Ons wys u graag weer op die korting wat u kan ontvang indien die volle bedrag skoolfonds voor einde Februarie 2026 betaal word.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Indien u die volle bedrag voor einde Februarie 2026 per EFT/Samba-instruksie betaal, ontvang u R690 korting en is die bedrag betaalbaar, met korting reeds in berekening gebring, R27 030.

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Indien u die volle bedrag voor einde Februarie 2026 per EFT/Samba-instruksie betaal, ontvang u R690 korting en is die bedrag betaalbaar, met korting reeds in berekeninggebring R27 580.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op ‘n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen ‘n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.


Die volgende insamelings sluit binnekort:

| Beskrywing | Sperdatum vir betaling |
|---|---|
| RTT-notas (Graad 10, Graad 11 & Graad 12) | 27 Februarie 2026 |
| Bydraes vir die Koskas | 28 Februarie 2026 |
| VBS: Boeke, voorskote & haarnette (Graad 10) | 1 Maart 2026 |
| VBS: Boeke, kursusfooi & haarnette (Graad 11) | 1 Maart 2026 |
| VBS: Boeke & haarnette (Graad 12) | 1 Maart 2026 |
| Rugby: Registrasiefooi (o/14, o/16 & o/19) | 1 Maart 2026 |
| IGO-werkboeke (Graad 10, Graad 11 & Graad 12) | 1 Maart 2026 |
| Besigheidstudies: Diktate (Graad 10, Graad 11 & Graad 12) | 1 Maart 2026 |
| Kunste-akademie: Registrasie | 2 Maart 2026 |
| Rugby: Pa-en-Seunaand | 5 Maart 2026 |

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za.**

# NUUS uit die klerebank

**LET ASB DAAROP DAT DIE KLEREBANK GESLUIT SAL WEES OP VRYDAG 27 FEBRUARIE EN/OF MAANDAG 2 MAART.**
**DIT IS VIR DIE FINANSIËLE JAAREINDE EN VOORRAADTELLING.**



Die volledige wintervoorraad van nuwe langmousporthemde, sweetpakke en tri-acetate tops sal gedurende **Maart op KarriApp gelaai** word. Indien die verskaffers nie kan aflewer tydens die ooreengekomde tyd nie, sal almal dienooreenkomstig ingelig word. Die **pasreekse** is beskikbaar in die Klerebank. Maak asb seker van groottes voor betaling op KarrApp. Tydens pouses kan pakkies afgehaal word. Leerders sal steeds welkom wees om in te kom en met **bankkaarte te betaal.**

Die eerste besending sweetpakbroeke het reeds ingekom en is beskikbaar.

**Daar is verskeie onafgehaalde pakkies, by die Klerebank.** Onthou asb dat leerders nie afgeroep gaan word nie maar dat hulle **hulle pakkies dadelik kan kom afhaal sodra dit betaal is op Karri-App, tensy anders gespesifiseer.**




*Baie dankie*

# JF-AKADEMIE

*Baie Geluk*

#trotsJF

Baie geluk aan die volgende leerders wat besonders goed in die Nautilus Wiskunde Olimpiade presteer het:

**Graad 11 en 12:**
Lineé Lubbe (2de)

**Graad 10:**
Ajay Benson (3de)
Cara Hoffman (3de)

**Graad 8:**
Calem du Toit (4de)
Jadon Jordaan (6de)




# Lineé Lubbe

**Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade**

1ste in die Vrystaat vir leerders Graad 10-12

Onder die top 50-leerders in Suid-Afrika



# JF GOT TALENT

1 Khaniyisile Zwane

2 Hendrik Rautenbach
Handré Louwrens

3 Inge Stoltz




J
GOT
TALENT
26
/2/
26

# SWEM



## UITSLAE: INTERHOëR SWEM





| | | | |
|---|---|---|---|
| Christiaan Kruger | Seuns 14 | 7de | 50 m rugslag |
| Christiaan Kruger | Seuns 14 | 10de | 50 m vryslag |
| AJ Theron | Seuns 17-19 | 5de | 400 m vryslag |
| AJ Theron | Seuns 17-19 | 9de | 200 m vryslag |
| Franzelle Barnard | Dogters 15 | 3de | 50 m rugslag |
| Franzelle Barnard | Dogters 15 | 5de | 50 m borsslag |
| Franzelle Barnard | Dogters 15 | 6de | 100 m rugslag |
| Lana van Schalkwyk | Dogers 17-19 | 4de | 400 m vryslag |
| Lana van Schalkwyk | Dogters 17-19 | 4de | 50 m rugslag |
| Lana van Schalkwyk | Dogters 17-19 | 6de | 50 m vlinderslag |
| Lana van Schalkwyk | Dogters 17-19 | 6de | 50 m vryslag |
| Lana van Schalkwyk | Dogters 17-19 | 7de | 100 m rugslag |
| Dian Lotriet | Seuns 15 | 3de | 200 m individuele wisselslag |
| Dian Lotriet | Seuns 15 | 3de | 200 m rugslag |
| Dian Lotriet | Seuns 15 | 5de | 100 m rugslag |
| Dian Lotriet | Seuns 15 | 7de | 50 m rugslag |
| Dian Lotriet | Seuns 15 | 8ste | 100 m vryslag |
| Ian Bergh | Seuns 15 | 2de | 200 m rugslag |
| Ian Bergh | Seuns 15 | 2de | 100 m vryslag |
| Ian Bergh | Seuns 15 | 3de | 50 m rugslag |
| Ian Bergh | Seuns 15 | 3de | 100 m vlinderslag |
| Ian Bergh | Seuns 15 | 3de | 100 m rugslag |















#trots

# SWEM

# KRIEKET



Die afgelope naweek het die eerste span vir St. Dominics van Welkom met 29 lopies gewen, terwyl die o.15 A-span met 8 paaltjies teen Welkom Gimnasium geseëvier het.

Beste kolwers en boulers:
Eerste span:
Johan van Dyk 18
Christiaan Odendaal 15
Jean van Schalkwyk 4 vir 19
Wihan Paulsen 2 vir 2
Cobus Wilken 2 vir 13

Beste kolwers en boulers:
o.15 A-span
Martin Jonas 55
AD Erasmus 20*
AD Erasmus 3 vir 18
Nayden Viljoen 3 vir 43









#trots

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
Oester JF
Die storie agter ... ies
Volg ons op



# WILKEN WYS WIE'S BAAS OP DIE KRIEKETVELD

Skrywer:
-Theani Botha

Cobus Wilken is besig om sy naam stewig in die krieketwêreld te vestig. Met 'n kombinasie van kalmte onder druk, deursettingsvermoë en sterk leierskap, wys hy dat sukses nie net oor talent gaan nie, maar oor karakter. Op en van die veld af bewys hy dat ware uitnemendheid begin by die regte ingesteldheid.

Cobus het onlangs sy staal gewys toe hy 'n indrukwekkende 192 lopies in een wedstryd teen Welkom Gimnasium aangeteken het. Hierdie prestasie was een vir die geskiedenisboeke, en is nie net 'n bewys van sy tegniese vaardigheid met die kolf nie, maar ook van sy fokus en deursettingsvermoë onder druk. Sy beurt het 'n bepalende rol in die wedstryd gespeel en sy naam verder as 'n speler om dop te hou gevestig.

Volgens díe jong krieketspeler is nederigheid en deursettingsvermoë van die belangrikste eienskappe wat 'n krieketspeler kan hê. Hy glo dat dit juis hierdie eienskappe is wat 'n speler help om deur moeilike tye en uitdagende wedstryde te werk. Wanneer dinge nie volgens plan verloop nie, kies hy om stil te raak, sy gedagtes te orden en 'n nuwe plan te beraam eerder as om emosioneel te reageer.

Hy sê ook dat kalmte onder druk 'n groot verskil maak op die veld. 'n Speler wat koelkop bly, neem beter besluite wanneer dit werklik saak maak. Hierdie benadering beïnvloed ook sy leierskapstyl: Vir dié skitterende kaptein, gaan leierskap daaroor om voorbeeld te stel en sy span te ondersteun, selfs wanneer spanning hoog loop.

Hoewel persoonlike prestasies belangrik is, beklemtoon hy dat die span se sukses altyd eerste kom. Selfs wanneer hy nie sy beste wedstryd speel nie, bly hy positief en gefokus – eienskappe wat hom as speler en spanmaat laat uitstaan.

Met sy kalmte, dissipline en spanfokus wys Cobus dat ware krieketsukses by karakter begin.






https://www.jfoester.co.za/

# JF-OPEDAG

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES




*Hier maak ons die verskil*

## 13 MAART 2026
## JF-SKOOLSAAL
## 11:30

#trotsJF

**HUIS** *Anton van Wyk*

**KOSHUISTOER NA DIE FUNKSIE**

www.jf.co.za

0515021760

GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

Hoërskool *Jim Fouché*

# WIL JY ADVERTEER BY JF?




## ADVERTENSIEBORD-SPASIE BESKIKBAAR

Vir meer inligting kontak:

**MERICKE ERASMUS**
**BEMARKING@JF.CO.ZA**
**063 202 6387**

# 🎭🌟 BLOEMFONTEIN – KINDERTEATER VERTONING 🎟️🐒

Op 28 Maart 2026 keer die verspotte storie deur Martin Schwella, Georgie se Radio, terug op die verhoog! 🎬✨

Georgie is 'n apie wat mal is oor musiek en dans... 🐵🎵💃 dis sy ding! Maar wat gebeur wanneer die ander diere met hom te doen kry?

🦁🦓🐘 Kom vind uit in hierdie skreeu-snaakse verhoogproduksie vir kinders! 😂

🎭✨ Schink Stories bied aan: Georgie se Radio – 'n kinderteaterproduksie vol humor, musiek en dans. 🎶🎤




## GEORGIE SE RADIO IS TERUG! 👇🎶

📅 28 Maart 2026
🕘 Vertoning 1: 09:00
🕚 Vertoning 2: 11:00
📍 Doxa Deo Bloemfontein Suid

💛👪 Daar sal ook Schink Stories-geskenke te koop wees.

☕ Koffie vir die ouers en

🎨 Gesigverf

🎟️ Bespreek nou by Webtickets:
https://www.webtickets.co.za/event.aspx?itemid=1588593774

*Sien julle daar!*

🎉🙌